UNIVERSITY EXAMINATIONS

UNIVERSITEITSEKSAMENS

UNISA university of south africa

# ETH306W

Mei/Junie 2011

## INKLUSIEWE ONDERWYS B (OPVOEDKUNDIGE TEMAS 306)

Tydsduur 2 Uur

100 Punte

EKSAMENPANEEL SOOS DEUR DIE DEPARTEMENT AANGEWYS.

---

Hierdie vraestel bestaan uit elf **(11)** bladsye

**Hierdie eksamenvraestel is die eiendom van die Universiteit van Suid-Afrika en mag nie verwyder word van die eksamenlokaal nie.**

*Beste Student*

*Baie sterkte! Ons vertrou dat u lekker sal skryf Onthou ons is saam met u verheug as u slaag*

**Eksameninstruksies:**

**Skryf asseblief die nommers van die vrae op die buitekant van u eksamenskrif.**

**AFDELING A: Kleinkindontwikkelingsfase (KKO)**

- Alle studente wat vir hierdie fase geregistreer is, moet die vrae in **Afdeling A** voltooi
- Let daarop dat hierdie studente vrae 1,2,3,4,5,6 en 7 **moet** beantwoord
- Vraag 7 bied aan u opsies waarvan u **TWEE** vrae moet kies om te beantwoord

**AFDELING B: INTERMEDIêRE FASE EN SENIOR EN VOO FASE**

- Alle studente wat vir hierdie fases geregistreer is, moet die vrae in **Afdeling B** beantwoord
- Vraag 8 is **verpligtend** Vraag 8 tel 20 punte
- U het 'n keuse om **VIER** vrae uit vrae 9, 10, 11, 12 en 13 te beantwoord
  Elke vraag tel 20 punte. U moet vier van hierdie vrae beantwoord 4 X 20 = 80 punte

**[BLAAI OM]**

## AFDELING A

**Studente wat vir die KKO fase geregistreer is, moet die vrae in Afdeling A beantwoord.**

**Instruksies:**

- **Beantwoord al die vrae.**
- **In Vraag 7 moet u TWEE van die subvrae beantwoord.**

**VRAAG 1**

**Beantwoord die volgende meerkeusevrae. Skryf slegs die nommer en die letter van u keuse langsaan neer, bv.**

1 1 A
1 2 B

1 1 Leerders met probleme vind dit moeilik om woorde in lettergrepe te verdeel of om dit weer saam te voeg

A visueel-persepsie
B ouditiewe persepsie
C visueel-motoriese persepsie
D ruimtelike persepsie

1 2 Lees is

A 'n gevorderde vorm van ekspressiewe taal
B 'n gevorderde vorm van innerlike taal
C afhanklik van sigwoordeskat
D 'n gevorderde vorm van reseptiewe taal

1 3 Downsindroom ontstaan as gevolg van afwykings in die gene van die chromosoom

A agtiende
B een en twintigste
C dertiende
D A, B, en C

1 4 Dit is belangrik dat eienskappe van die verskuilde kurrikulum uitgebou moet word wanneer leerders wat struikelblokke tot leer ervaar, onderrig word Hierdie eienskappe is onder andere

A spanwerk, spanbeloning, organisasie
B organisasie, portuurgroeponderrig, individuele onderrig
C spanbeloning, betroubaarheid, motivering
D spanwerk, organisasie, betroubaarheid

1 5 ______ is 'n gevorderde vorm van reseptiewe taal

A Lees
B Praat
C Geskrewe taal
D Innerlike taal

1 6 Die elemente van geskrewe taal is

A lees, opstel, linguistiek
B opstel, spelling, handskrif
C spelling, fonetiek, lees
D opstel, handskrif, fonetiek

1 7 Kies die korrekte stelling oor epilepsie

A Epilepsie is die ontlading van abnormale elektriese aktiwiteit in die brein
B Die oorsprong van epilepsie is in die brein en ook in die liggaam
C Die oorsprong van epilepsie is nie in die brein nie
D Epilepsie is die ontlading van normale elektriese aktiwiteit in die brein

1 8 ______ taal is die taal waarin 'n mens dink

A Innerlike
B Reseptiewe
C Ekspressiewe
D Nie-verbale

1 9 Kies die VERKEERDE stelling oor MIV/VIGS

A MIV is menslike immuniteitsgebrek virus
B Kinders kan MIV voor geboorte opdoen
C VIGS kan nie deur daaglikse sosiale kontak oorgedra word nie
D VIGS is nie die finale stadium van MIV-infeksie nie

1 10 Die volgende is kenmerke van 'n persoon met Downsindroom

A swak korttermyngeheue, goed om sekwensie van 'n proses te onthou, vind dit moeilik om kennis na 'n nuwe situasie oor te dra
B verstaan die letterlike betekenis van woorde, swak langtermyngeheue, vind dit moeilik om kennis na 'n nuwe situasie oor te dra
C goeie korttermyngeheue, beperkte abstrakte denke, begrip van verbale of geskrewe instruksies is oenskynlik beter as werklike vaardigheid
D beperkte abstrakte denke, vind dit moeilik om sekwensie van 'n proses te onthou, verstaan nie die letterlike betekenis van woorde nie

**[10]**

**BLAAI OM]**

**VRAAG 2**

2 1 Watter tipe leesprobleme mag 'n leerder in die grondslagfase moontlik hê? (5)

2 2 Beskryf vyf metodes wat u moontlik kan gebruik om leerders in die grondslagfase met spelprobleme te help Voorsien voorbeelde waar toepaslik (5)

**[10]**

**VRAAG 3**

3 1 Wat is verskuilde epilepsie en wat is moontlike tekens van verskuilde epilepsie? Waarom is dit belangrik om verskuilde epilepsie in die klaskamer raak te sien? (5)

3 2 Watter ondersteuning kan 'n onderwyseres verleen as 'n leerder 'n epileptiese aanval in die klaskamer kry? (5)

**[10]**

**VRAAG 4**

4 1 Hoe sal u aan 'n ouer verduidelik wat outisme is? (2)

4 2 Beskryf hoe 'n jong leerder se kwaliteit van ontwikkeling wat betref gedrag en verbeelding as deel van die sogenaamde '*Triade van gestremdhede*' aan 'n onderwyser(es) 'n aanduiding kan gee dat die leerder outisties is (8)

**[10]**

**VRAAG 5**

U is 'n graad 3 onderwyser(es) 'n Leerder in u klaskamer toon die volgende manifestasies van struikelblokke

Die leerder

- vryf die oe aanhoudend
- beweeg die kop wanneer daar na prente gekyk word of gelees word
- toon spasieringsprobleme wanneer daar geskryf word
- weier om deel te neem aan enige balspeletjies

5 1 Identifiseer die struikelblok tot leer van die leerder (1)

5 2 Noem vier ander eienskappe van hierdie tipe struikelblok soos wat dit in die klaskamer kan manifesteer (4)

5 3 Bespreek in besonderhede hoe u as onderwyser(es) hierdie leerder in die klaskamer sal ondersteun (5)

**[10]**

**BLAAI OM]**

**VRAAG 6**

Bespreek lateraliteit, laterale dominansie en rigtingsekerheid en dui aan watter invloed probleme met hierdie perseptueel motoriese manifestasies op leerders se skolastiese prestasie mag hê **[10]**

**VRAAG 7**

Beantwoord **enige TWEE** van die volgende vrae dit wil sê 7 1 en/of 7 2 en/of 7 3.

**Vraag 7.1**

7 1 1 Beskryf inklusiewe onderwys in u eie woorde (2)

7 1 2 Wat is die verskil tussen hoofstroom onderwys en inklusiwiteit? (8)

7 1 3 In ons skole ontstaan verskillende leerbehoeftes as gevolg van 'n reeks faktore Bespreek beide intrinsieke **en** ekstrinsieke faktore was daartoe aanleiding kan gee dat leerders leerbehoeftes het (10)

**[20]**

**EN/OF**

**Vraag 7.2**

7 2 1 Bespreek faktore wat met die skoolomgewing verband hou en wat die ontstaan van gedragsprobleme kan stimuleer (6)

7 2 2 Bespreek die moontlike manifestasie van ontwrigtende gedrag in die klaskamer (7)

7 2 3 Voorsien algemene riglyne wat u aan onderwysers kan gee vir die hantering van gedragsprobleme in die klaskamer (7)

**[20]**

**EN/OF**

**Vraag 7.3**

7 3 1 Watter gedrag van 'n leerder kan aan 'n onderwyser/es 'n aanduiding gee dat hierdie leerder moontlik 'n gehoorinperking/probleem het? (12)

7 3 2 Beskryf **AGT** voorstelle wat 'n onderwyser(es) kan gebruik om 'n leerder met 'n gehoorinperking, wat kan liplees te help (8)

**[20]**

**Totaal van Vraag 7: 2x20 = [40]**
**Totaal Afdeling A: [100]**

**BLAAI OM]**

# AFDELING B

**Studente wat vir die Intermediêre en Senior en VOO fases geregistreer is, moet die vrae in Afdeling B beantwoord.**

**Instruksies:**

- **Beantwoord vraag 8 wat 'n verpligte vraag is. Vraag 8 tel 20 punte.**
- **Beantwoord VIER vrae uit Vrae 9, 10, 11, 12 en 13.**
  **Elke vraag tel 20 punte dus 4 X 20 = 80 punte.**

**VRAAG 8**

**Beantwoord die volgende meerkeusevrae. Skryf slegs die nommer en die letter van u keuse langsaan neer, bv.**

1 1 A
1 2 B

8 1 Die volgende is tekens van moontlike ouditiewe probleme 'n Leerder

A praat eentonig, vermy mondelinge werk, is dikwels onoplettend, vind dit moeilik om met maats oor die weg te kom
B praat te vinnig of te stadig, is dikwels onoplettend, weier om aan balspeletjies deel te neem, verwar letters wat dieselfde vorms het
C vermy mondelinge aktiwiteite, is onderhewig aan vinnig veranderde stemmings, maak swaar op gebare staat, praat te sag of te hard
D draai sy kop om te luister, beweeg sy kop wanneer hy na prentjies kyk, weier om aan balspeletjies deel te neem, praat te hard of te sag

8 2 het 'n afsonderlike grammatika wat nie op gesproke of geskrewe taal gebaseer is nie

A Eenhand alfabet
B Tweehand alfabet
C Gebare
D Gebaretaal

8 3 Leerders met sal verkies om voor in die klas te sit

A albinisme
B miopie
C hiperopie
D strabisme

8 4 As 'n persoon aan ly, is hy of sy geneig om die stem te laat sak en baie sag te praat

A sensorineurale gehoorverlies
B tinnitus
C gedeeltelike gehoorverlies
D konduktiewe gehoorverlies

8 5 Leerders met  vorder nie op skool in ooreenstemming met hulle potensiaal nie

A leerprobleme
B ouditiewe-reseptiewe probleme
C fisieke gestremdhede
D intellektuele gestremdhede

8 6 Kinders wat skielike uitbarstings van aggressie, vernielsugtigheid en 'n slegte humeur openbaar, mag moontlik aan  ly

A tremor
B ontwrigtende gedrag
C verskuilde epilepsie
D neurologiese disfunksie

8 7 Leerders met  verkies om agter in die klas te sit.

A albinisme
B hiperopie
C miopie
D astigmatisme

8 8 Dit is belangrik dat eienskappe van die verskuilde kurrikulum uitgebou moet word wanneer leerders wat struikelblokke tot leer ervaar, onderrig word Hierdie eienskappe is onder andere

A Spanwerk, spanbeloning, organisasie
B Organisasie, portuurgroeponderrig, individuele onderrig
C Spanbeloning, betroubaarheid, motivering
D Spanwerk, organisasie, betroubaarheid

8 9 Kies die regte kombinasie van die opsies

Transformasie in die onderwysstelsel wat betref leerders wat struikelblokke tot leer ervaar, is noodsaaklik as gevol van die volgende redes

1 Dit word gereken dat 70% van leerders met gestremdhede warrvan die meeste swart gestremde leerders in plattelandse gebiede is huidiglik buite die formele onderwysstelsel is

2 Dit wil voorkom asof die leeders wat struikelblokke tot leer ervaar meer uitgesluit word in die kleinkindontwikkelingsfase

3 Waar hierdie leerders wel in gewone skole geakkommodeer word, sal toegang tot die kurrikulum nie problematies wees nie

4 Waar daar goeie samewerking tussen spesiale skole en gewone skolle is, sal hierdie leerders nie uitgesluit word nie

A 1, 2, 3
B 2, 3, 4
C 1, 2, 4
D 1, 3, 4

8 10 Die voelsintuig is ook as 'n sintuig bekend

A fisieke
B oorblywende
C -tas
D kinestetiese

8 11 staan somtyds bekend as sensoriese hiperaktiwiteit

A Perseptueel-motoriese manifestasies
B Hiperaktiwiteit
C Aandagafleibaarheid
D Sensorineurale gehoor

8 12 Die volgende kan beskou word as pedagogiese struikelblokke tot leer

1 die taal van leer en onderrig
2 intellektuele gestremdhede
3 leerstyle
4 onvoldoende ondersteuning van onderwysers

A 1 en 2
B 1 en 3
C 1 en 4
D 2 en 3

8 13 Sensoriese gestremdhede sluit die volgende in

A ouditiewe gestremdheid en visuele gestremdheid
B outisme en visuele gestremdheid
C outisme en Downsindroom
D ouditiewe gestremdheid en fisiese gestremdheid

8 14 Kies die NIE-KORREKTE stelling oor epilepsie

A Kinders met epilepsie moet normale, gesonde lewens ly
B Epileptiese aanvalle kan toeneem as daar affektiewe stoornisse voorkom
C Kinders met epilepsie vertoon soms afwykende gedrag wat hulle kan beheer
D In die geval van gedeeltelike toevalle verloor 'n kind nie heeltemal sy bewussyn nie

8 15 is 'n gevorderde vorm van reseptiewe taal

A Geskrewe taal
B Innerlike taal
C Spraak
D Lees

BLAAI OM]

8 16 kan help om leerders met fisiese gestremdhede alledaagse vaardighede te leer soos hoe om 'n mes en vurk te hanteer en hoe om aan te trek

A Arbeidsterapeute
B Ortopediese chirurge
C Fisioterapeute
D Neuroloe

8 17 Die Witskrif oor Inklusiewe is gebaseer op die volgende beginsels

A Ondersteuning aan alle skole
B 'n Eenvormige onderwysstelsel
C Toegang tot onderwys vir Grondslagfase leerders
D Beklemtoning van leerders se akademiese vordering

8 18 Spesiale skole het 'n spesiale rol om te vervul omdat hulle

A oor gespesialiseerde toerusting beskik om leerders met struikelblokke tot leer te identifiseern te assesseer en te ondersteun
B na hoofstroomskole kan uitreik aangesien hulle slegs 'n paar leerders in hulle klaskamers het en dus oor meer vrye tyd beskik
C leerders het met baie tipes struikelblokke wat alle lae van die samelewing kom
D nie geinteresseerd is in the teorie van onderwys nie, maar hulle is meer genee om op praktiese aspekte om leerders te ondersteun te fokus

8 19 Ouers, voogde en onderwysers moet die manifestasie van gedragsprobleme in 'n ernstige lig beskou wanneer

1 die probleme oor 'n kort tydperk verskyn het
2 die probleme saam met tekens van sosiale aggressie voorkom
3 die leerder wegbly van die skool
4 die leerder se skolastiese prestasie begin verswak nadat verhoudings met vriende verswak het

A 1, 2, 3, 4
B 1, 3, 4
C 1, 2, 4
D 2, 3, 4

8 20 Die NCSNEt/NCESS verslag (1997) het die volgende faktore geidentifiseer as die veroorsakende faktore tot struikelblokke tot leer

1 'n Gebrek aan fasiliteite
2 Ouerbetrokkenheid
3 Diskriminerende houdings
4 'n Aanpasbare kurrikulum

A 1, 2, 3
B 2, 3, 4
C 3, 4, 1
D 1, 3, 4

**[20]**

**Beantwoord VIER vrae uit Vrae 9, 10, 11, 12 en 13. Elke vraag tel 20 punte dus 4 X 20 = 80 punte.**

**VRAAG 9**

9 1 Wat is verskuilde epilepsie en wat is moontlike tekens van verskuilde epilepsie? Waarom is dit belangrik om verskuilde epilepsie in die klaskamer raak te sien? (5)

9 2 Watter ondersteuning kan 'n onderwyseres verleen as 'n leerder 'n epileptiese aanval in die klaskamer kry? (5)

9 3 Wat sal u aan die ander leerders sê as 'n leerder wat albinisme het in u klas toegelaat word? (5)

9 4 Wat kan u doen om hierdie leerder in die klaskamer te help? (5)

**[20]**

**VRAAG 10**

Bespreek enige **vyf** van die emosionele behoeftes soos wat dit deur Howells, Mitchell, Pringle, Raths, Thompson en Poppen beskryf is

Beskryf hoe elkeen van hierdie behoeftes by die huis en in die skool kan manifesteer Dui aan met verwysing na elkeen van die vyf emosionele behoeftes wat 'n onderwyser(es) kan doen om die emosionele behoeftes van leerders aan te spreek 5 X 4= 20

**[20]**

**VRAAG 11**

11 1 Watter gedrag van 'n leerder kan aan 'n onderwyser/es 'n aanduiding gee dat 'n leerder moontlik 'n gehoorprobleem het? (12)

11 2 Beskryf AGT voorstelle wat 'n onderwyser(es) kan gebruik om 'n leerder met 'n gehoorinperking, wat kan liplees te help (8)

**[20]**

**VRAAG12**

12 1 Wat is die verskil tussen paraplegie en kwadruplegie? (5)

12 2 Wat is serebrale gestremdheid? (3)

12 3 As onderwyser(es) watter ondersteuning kan u aan 'n leerder met 'n fisiese inperking in u klaskamer gee? (12)

**[20]**

**VRAAG 13**

13 1 Beskryf inklusiewe onderwys in u eie woorde (2)

13 2 Wat is die verskil tussen hoofstroom onderwys en inklusiwiteit? (8)

13 3 In ons skole ontstaan verskillende leerbehoeftes as gevolg van 'n reeks faktore Bespreek beide intrinsieke en ekstrinsieke faktore was daartoe aanleiding kan gee dat leerders leerbehoeftes het (10)

**[20]**

**Totaal Afdeling B: [100]**
**Totaal : [100]**

**EKSAMINATORE:**

**Eerste Eksaminator:** Prof AJ Hugo
**Tweede Eksaminator:** Mev FD Mahlo

©
UNISA 2011